

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Tarasius
## 25 Februarie

(sterf 806)

Gebore uit die hoogste adel van die destydse Bisantynse ryk, word hy die staatsekretaris van keiserin Irene II, die regentes van die minderjarige keiser Konstantyn II. Deur haar toedoen word hy patriarg van Konstantinopel en begin hy om die ikonoklastiese beleid van die vorige keisers ongedaan te maak. Ikonoklasme, wat die vernietiging en verwydering van alle ikone en ander beeldende kuns uit die kerke behels het, het groot skade aan die kerklike lewe in die Bisantynse ryk aangerig. Hy herstel die tradisionele Christelike gebruik van ikone en kerkkuns in die erediens. Saam met pous Adrianus I roep hy die Sewende Ekumeniese Konsilie van die Kerk byeen en hy doen baie om bande met die Westerse Kerk te versterk.